

Teksgedeelte:

2 Korintiërs 13:1-13

Agtergrond:

Na al die briefwisseling was Paulus nog net twee keer by die gemeente. Die eerste keer was toe hy die gemeente gestig en agtien maande daar gebly het. Die tweede keer het glad nie goed afgeloop nie. Iemand in die gemeente het hom geweldig verneder. Paulus se aan die Korintiërs dat sy derde besoek aan hulle die bepalende een sal wees. Paulus waarsku hulle dat hy baie sterk standpunt gaan inneem teenoor dié wat hy tevore aangespreek het oor byvoorbeeld onsedelikheid. Tydens sy tweede besoek kon hy dit nie doen nie. Die derde keer gaan hy wel. Hy gaan ook dié tereg wys wat hulle intussen daaraan skuldig gemaak het. Ons weet nou al dat die Korintiërs (in Paulus se oë) gedink het Paulus se blaf is erger as sy byt. Hierna verskuif Paulus die fokus van hoe hy is na dit waarom hy praat. Hy praat oor God. Oor Sy swakheid en krag wat in Jesus sigbaar word. Om te sterf was destyds die toppunt van swakheid. Christus aan die kruis word die toppunt van swakheid en die leë graf drie dae later word die grootste teken van die krag van God. **In Christus sien ons tegelykertyd die swakheid en krag van God, die broosheid en majesteit van God.** Die gelowiges in Agaje vir wie die Redaktor die brief stuur, was blootgestel aan Johannes se teologie wat net op Jesus se oorwinning gefokus het. Vir Johannes is die lyding verby. Paulus weer is intens bewus van stryd en swaarkry. Hy beleef dit. Soos Paulus besef die Redaktor ook dat 'n godsdiens wat net op oorwinning fokus en 'n streep deur lyding trek nie die harde werklikheid in ag neem nie. Dit deel die Redaktor met 'n groep volgende gelowiges. **Toets** beteken in hierdie konteks om te onderskei of hulle eg of oneg is. Dit is belangrik om te sien dat God nie hierdie toets aanlê nie. Hulle moet nadink oor hulle verhouding met God. God is eg teenoor hulle. Hy woon in julle! Dít is ongelooflik kragtig. As hulle dit nie besef nie, is hulle oneg. Al dink die Korintiërs Paulus is oneg, vra Paulus dat hulle eg sal wees. Die waarheid sal een of ander tyd aan die lig kom.

Aktiwiteit:

Telefoontjie:

- Die fasiliteerder gee 'n boodskap aan een persoon in die groep wat in 'n kring sit.
- Die groep stuur die boodskap van persoon na persoon sonder dat die res van die groep hoor wat hulle te sê het, tensy dit sy beurt is.
- Nadat die boodskap die laaste persoon in die groep bereik het, lê hy dit aan die res van die groep voor om seker te maak dat die boodskap reg oorgedra is.
- Indien die boodskap nie reg oorgedra is nie moedig die groep aan om weer te probeer (van die begin af).
- Wanneer hulle dit voltooi het, kan jy aan hulle die sappie of chips gee wat ons uitdeel.

Reviewing:

Diamante:

- As jy 'n nuusleser was, beskryf aan jou gehoor wat gebeur het.
- Wie was die meeste betrokke tydens die speletjie?
- Vir wie was dit die maklikste/moeilikste en hoekom?

Harte:

- As jy die speletjie in 'n weerberig kon beskryf, hoe sou dit klink?
- Wie het nog soos jy gevoel in hierdie speletjie?
- Het jy al vantevore gevoel soos in die speletjie, wanneer?

Skoppens:

- Wat het bygedra dat julle mekaar makliker kon verstaan/hoor?
- Hoe voel dit as mens nie gehoor word nie?
- Wanneer het dit vir jou gevoel asof jy nie gehoor was nie?

Klawers:

- Hoe sal jy in die vervolg maak as jy nie gehoor word nie?
- Wat was vir Paulus belangriker as om gehoor te word?
- Hoe kan ons aan ander oordra dat God se genade die belangrikste boodskap is wat ons het?